# GESKIEDENIS EN SOSIOLOGIE

**F A van Jaarsveld**
*Universiteit van Pretoria*

**Geskiedenis met sy indiwidualiserende verstaansmetode rig hom in die 19de eeu op die staat, en sosiologie met sy analitiese verklaarmetode op die samelewing: vyandskap en opposisie***

Die verhouding tussen Geskiedenis en Sosiologie is in Suid-Afrika minder problematies as in Europa, waar Geskiedenis in die laat 19de eeu in stryd met Sosiologie geraak, en in hom 'n vyand en kompeteerder gesien het, terwyl Sosiologie Geskiedenis nie as 'n wetenskap gereken het nie, hom trouens 'n "sagte" wetenskap genoem het, wat vanweë sy metode geen status sou hê nie. En tog, beide wetenskappe het die mens in die samelewing bestudeer, wat hul studie-objek tot 'n gemeenskaplike maak, hoewel onder verskillende gesigspunte. Sosiologie het eintlik uit Geskiedenis ontstaan en die geskiedwetenskap is dus ouer as sy jonger boetie, die Sosiologie.

Geskiedenis as dissipline het sy ontstaan in 1810 aan die Universiteit van Berlyn gehad. Sy grootste eksponent was Leopold von Ranke (1795—1886) wat so deur die natuurwetenskap beïndruk was, dat hy van "geskiedwetenskap" gepraat het, maar sonder dat hy dié se metode vir die skepping van kennis aangewend het. Hy was oortuig dat die geskiedwetenskap 'n eie, besondere metode het, nl die hermeneutiese (d i vertolkende) "verstaans"-metode wat op historiese indiwidualiteite in plaas van algemeenhede ingestel is, d.w.s. om 'n verskynsel in sy eie reg te vertolk. Die historiese metode is die "filologies-kritiese" metode genoem omdat die filologie of taalkunde nog voor geskiedenis tekste van dokumente "krities" gesuiwer het om die oorsprong en egtheid te kan vasstel. Ranke het "eksterne" en "interne" kritiek op 'n dokument toegepas om tot die waarheid te kan deurdring, en elke historiese verskynsel uit homself, in terme van die waardes van die tyd waarin dit bestaan het, verklaar en verstaan.

Terwyl Ranke die vader van die wetenskaplike geskiedskrywing genoem is, is Auguste Comte (1798—1857) die vader van die Sosiologie genoem. Hy het gedink dat hy "geskiedenis" beoefen, maar in werklikheid was dit iets anders, wat beteken dat die "sosiologie" of samelewingsleer uit die geskiedenis voortgekom het. Comte het 'n studie van die samelewingsverskynsels gemaak in teëstelling tot geskiedenis wat die staat en politiek tot tema gehad het. Die metode wat Comte gebruik het, kom uit die natuurwetenskap, nl die nomologiese (d i wette-vasstellende) metode. Hy was oortuig dat daar net één metode vir die daarstelling van wetenskaplike kennis bestaan, nl die natuurwetenskaplike, wat op verskynsels aangewend word om reëlmatighede, herhalinge, of "wette" vas te stel wat die verskynsels beheer, op grond waarvan voorspellings gemaak kan word. Hy het geglo dit kan foute van die verlede vermy, die hede verander en 'n beter toekoms skep. In teëstelling tot Geskiedenis wat verskynsels hermeneuties of vertolkend uit hulleself en dus as indiwidualiteite "verstaan" het, het Sosiologie die maatskaplike verskynsels met behulp van die analitiese metode "verklaar". Terwyl die Geskiedenis na "sin", "betekenis" en "samehang" in die verskynsels gesoek het, het

*Uit 'n geannoteerde verslag oor die tema "Geskiedenis en Sosiologie". Kyk *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, Sept—Des 1982.

Sosiologie daarvan afgesien en hom streng aan die "positief"-voorhandesynde data gehou, vandaar die term Positivisme in teëstelling tot die Hermeneutiek van die Geskiedenis. Dit het waarde-oordele oor sin en betekenis vermy en na wetenskaplike "verklarings" in die verbande tussen verskynsels gesoek.

Daar was nie net 'n verskil in die metode nie, maar ook in die objek van studie. Terwyl die Geskiedenis op die hermeneutiese of indiwidualiserende verstaansmetode gebaseer is, wat op die eenmaligheid, uniekheid, onherhaalbaarheid en indiwiduele besonderheid van verskynsels konsentreer, is Sosiologie op herhalinge, reëlmatighede en konstantes van die maatskaplike verskynsels gerig. Aanvanklik is daar nie onderskeid tussen staat en samelewing getref nie, maar met die koms van die Industriële Rewolusie wat massa-mens-verskynsels en sosiale vraagstukke soos rykdom en armoede, en sosiale klasse, tevoorskyn gebring het, het *staat* en *samelewing* uitmekaar beweeg.

Terwyl Geskiedenis as wetenskap in die voor-industriële samelewing in die oû Europese staatsbestel ontstaan het, het die opkoms van die sosiologie as wetenskap met die Industriële Rewolusie saamgeval. Dit is die rede waarom Geskiedenis op die studie van die staat, politiek, diplomasie, oorlog en groot manne gerig was. Met die uiteengaan van staat en samelewing in die tydperk van industrialisasie, het Geskiedenis nog steeds op die staat en politiek bly konsentreer en die bestaande orde gewettig, terwyl Sosiologie hom op die studie van die samelewing toegelê, en aktuele maatskaplike vraagstukke met behulp van die natuurwetenskaplike of nomologiese metode bestudeer het. Sy doel was om kennis beskikbaar te stel wat kan help met die oplossing van die probleme van die dag en hy besit daarom in teëstelling tot geskiedenis wat hom met die verwyderde verlede besig hou, 'n aktualiteitskarakter, ingestel op die verskynsels van die oomblik, m a w dit streef na prakties-bruikbare kennis, en is dus 'n "toegepaste" wetenskap.

Die verhouding tussen Geskiedenis en Sosiologie was nie altyd hartlik nie. Vanuit die standpunt van die Geskiedenis wat op die staat en die handhawing van die bestaande orde ingestel was, is Sosiologie as 'n opposisie-wetenskap gesien wat die samelewing rewolusionêr wou "verander", veral toe die Marxistiese Sosiologie en ideologie saam met die industriële samelewing en sy klasse-teëstellinge opgekom het. Terwyl die Geskiedenis hom met historiese indiwidualiteite, d i unieke verskynsels van indiwiduele aard besig gehou het, het Sosiologie massa-verskynsels, d i anonieme, sosiale kragte en bowe-indiwiduele, kollektivistiese verskynsels bestudeer en geanaliseer, d i met die oog op verandering "verklaar", i p v "verstaan".

Toe die "natuurwetenskaplike", d i die positivistiese, metode van die Sosiologie deur sommige historici oorgeneem is, om bv kultuurgeskiedenis wat ook met kollektiewe sielsverskynsels te doen het, te bestudeer, en "wette" wou ontdek wat dié verskynsels "beheer" (o a HT Buckle (1821—1862) met sy *History of civilization in England*), het JG Droysen hom daarteen verset, en verklaar dat geskiedenis nie 'n natuurwetenskap is wat met die nomologiese metode bestudeer kan word nie, maar dat sy metode is om "al navorsende te verstaan" wat gebeur het. Teen die einde van die 19de eeu het 'n Duitse historikus, Karl Lamprecht (1856—1915), met 'n kultuurgeskiedenis van die ontwikkelingsfases van die "sosiale psige", d i die gemeenskaplike sielelewe van die Duitse volk oor 'n tydperk van 2 000 jaar, nl in sy *Deutsche Geschichte*, te voorskyn gekom, waarin hy die sosiologiese of analitiese natuurwetenskaplike metode op die geskiedenis aangewend het met die doel om die "wette" aan te toon wat die gesamentlike sielsevolusie in kultuurtydperke tevoorskyn bring en beheer. Hy het verklaar dat die historici 'n "verkeerde" metode, d i die verstaansmetode, toegepas het, wat hulle vak

nie tot 'n "wetenskap" maak nie. Dit sou eers tot wetenskap word as geskiedkundiges daartoe oorgaan om volgens die nomologiese metode, "wette" vas te stel wat die verloop van die geskiedenis bepaal.

Hierdie uitdaging het tot 'n heftige metode-stryd binne die geskiedwetenskap ontbrand. Die meeste historici het die ou beproefde historiese "verstaans"-metode van Ranke teen die natuurwetenskaplik gefundeerde analitiese "verklaar"-metode van die Sosiologie verdedig soos deur Karl Lamprecht in sy "kultuurgeskiedenis" toegepas. Filosowe soos Windelband, Rickert en Dilthey het tot die verdediging van die tradisionele historiese metode gekom deur 'n metodiese onderskeid tussen "kultuur" aan die een kant en "natuur" aan die ander kant te tref: Elke werklikheidsgebied word deur 'n eie, besondere metode benader om tot kennis daarvan te geraak. Hulle het onderskeid getref tussen die natuurwetenskappe aan die een kant, wat "nomoteties" te werk gaan, d i veralgemeen (generaliseer) en na die vasstelling van wette soek, d i na reëlmatighede en herhalinge (m a w hulle "verklaar" die natuurverskynsels), en die geestes- of kultuurwetenskappe aan die ander kant wat ideografies te werk gaan, d i verskynsels uit hulleself "verstaan" en daardeur indiwidualiseer, d i kennis van die unieke en besondere voortbring i p v om op die algemene te let. Hierdie onderskeid bestaan vandag nog, hoewel die vakke wat tot die geesteswetenskappe gereken word, sedertdien verminder het, om byvoorbeeld te dink aan geskiedenis, kunsgeskiedenis, letterkundige geskiedenis en historiese volkekunde — die "arts and humanities".

Die rede is die opkoms van die sosiale wetenskappe in die 20ste eeu wat, anders as geskiedenis, van die nomologies-natuurwetenskaplike metode gebruik maak om tot kennis van die menslike werklikheid te geraak, soos bv sielkunde, staatsleer, sosiologie, kommunikasiekunde en ekonomie, wat almal op die definiëring van herhalinge, reëlmatighede of konstantes in die menslike gedrag ingestel is en vandaar die benaming "gedrags"-wetenskappe. Die Duitse metode-stryd het skeiding tussen geskiedenis en sosiologie gebring. Geskiedenis het hom bedreig geag deur wat hy as 'n aanslag op sy metodiese selfstandigheid van die kant van die sosiologiese metode ervaar het, en in Duitsland het die twee vakke parallel, maar soms in vyandskap, langs mekaar voortbestaan.

## 2. Die verhouding tussen Geskiedenis en Sosiologie in die VSA, Frankryk, Brittanje en in die Bondsrepubliek van die 20ste eeu: toenadering en samewerking

Die historici van die Verenigde State, Frankryk en Brittanje, trouens van feitlik alle lande, het die Duitse model van wetenskaplike geskiedenis soos gegrondves deur Leopold von Ranke teen die einde van die 19de eeu oorgeneem, maar daar het in die loop van die 20ste eeu reaksie daarteen ingetree. Die rede is in die industriële samelewing geleë, wat ander eise aan Geskiedenis gestel het as die omstandighede in die voorindustriële tydperk, toe die geskiedwetenskap in die na-Napoleontiese tyd op die staat en politiek ingestel was, en hy die studie van die samelewing aan die Sosiologie en ander sosiale wetenskappe oorgelaat het. Die vooruitstrewende historici wat ook die verskynsels van die samelewing wou bestudeer, het in botsing met die tradisionele historici gekom, wat nog steeds op die staat en politiek wou bly konsentreer en die indiwidualiserende verstaansmetode daartoe aangewend het. Die vooruitstrewende historici van 'n jong geslag het die historiese temas uitgebrei deur samelewingsverskynsels van bv sosiaal-ekonomiese aard nāās die staat en politiek te betrek, en met behulp van die sosiologiese metode te bestudeer soos bv kwantitatiewe of statistiese metodes,

wat tot 'n metodiese verruiming van die geskiedwetenskap gelei het. Daar is gevoel dat die mens nie net vanuit die staat en politiek alleen bestudeer en verstaan kan word nie, maar dat die inhoud en metodes van die sosiale of gedragswetenskappe die historikus kan help om die mens in die samelewing as 'n totaliteit te kan verstaan.

In die VSA wat nie deur 'n soort Duitse metode-stryd tussen Geskiedenis en Sosiologie gekenmerk was nie, het die jong historici van die "New History School" aan die begin van die 20ste eeu in verset gekom teen die tradisionele geskiedwetenskap met sy eng politieke inhoud en beperkte verstaansmetode, en Geskiedenis vanaf die begin onder die sosiale wetenskappe i p v die geesteswetenskappe gerangskik, en aan hom soos in die geval van die Sosiologie 'n funksie van hedebetrokkenheid en sosiale problemeoplossing toegesê. Daardeur is sy arbeidsveld verbreed, sy metode aangevul en die Sosiologie in die vraagstukke van Geskiedenis betrek, veral wat die eietydse terrein betref; trouens Sosiologie en die "nuwe" soort "progressiewe" Geskiedenis het met die opkoms van die industrieel-stedelike samelewing parallel ontwikkel en mekaar oor en weer deur samewerking bevrug. Teorieë van die sosioloë is deur historici aan die historiese feite getoets, terwyl die "nuwe" Geskiedenis generalisasie of veralgemening as beginsel, ooreenkomstig 'n "social-science-approach" tot sy vakgebied aanvaar het.

Bekende historici in die "New History"-rigting was J H Robinson (1863 – 1936), Carl Becker (1873 – 1945), F J Turner (1861 – 1932) en Charles Beard (1874 – 1948), wat met hulle hedebetrokkenheid en die oorbeklemtoning van die subjek in die voortbringing van historiese kennis tot so 'n grenslose relativisme gelei het, dat dié rigting in die veertigerjare verval het. Die Amerikaanse tydskrif *Comparative Studies in Society and History* is egter 'n blywende gevolg van die sosiaal-wetenskaplike benadering tot die geskiedenis wat nie in Amerika tot 'n sterk gefundeerde sisteem soos in Frankryk ontwikkel het nie. Die tradisionele historici in Amerika was bevrees vir sowel die "verontmensliking" van die sosiologiese metode wat met anonieme sosiale kragte werk as die versosiologisering en "vernatuurwetenskapliking" van geskiedenis, wat moontlik sy identiteit as vak kon aantas. Die tradisionele geskiedskrywing wat om die staat en politiek bly konsentreer het, was tot in die sestigerjare nog die hoofrigting, maar onder Franse invloed is sowel die tematiek as metodologie sedertdien geleidelik verbreed.

Soos in Duitsland was daar vanaf die einde van die 19de eeu ook in Frankryk 'n poging om Geskiedenis aan die Sosiologie te verbind. Paul Lacombe het Ranke se tipe politieke geskiedskrywing as oppervlakte- of "gebeurtenis"-geskiedenis verwerp, en onder invloed van die sosioloog, Emile Durkheim, het Francois Simiand en Henri Berr gepleit vir 'n "sintetiese" Geskiedenis wat nie net "verstaan" nie, maar ook analities "verklaar", d i na konstantes, reëlmatighede en gelyksoortighede in die menslike gedrag soek. Dit was 'n voortsetting van die Verligtings- en Positivistiese historiografie wat nie net die staat of politiek nie, maar ook die samelewing, kultuur en ekonomie tot objek van studie gehad het. Beïnvloed deur die Industriële Rewolusie wou hulle aan die verengde tematiek van die tradisionele tipe geskiedskrywing van Ranke ontsnap deur geskiedenis-as-sosiale-wetenskap in die sentrum van die sosiale wetenskappe te plaas, en van hulle metodes benut om die eie hermeneutiese verstaansmetode aan te vul.

Die twee historici wat met hulle tydskrif *Annales* vir sosiale en ekonomiese Geskiedenis sedert 1929 daarin geslaag het om "die geskiedenis" met sy talle deelgebiede te verenig tot 'n omvattende, "totale" of "integrale", d i holistiese geskiedenis, wat nie die grense tussen deelgebiede (sosiale, ekonomiese, konstitusionele, kultuur- en bv politieke) van die vak Geskiedenis erken nie, en ook wegdoen met die grense tussen Geskiedenis en sy buurwetenskappe soos die Ekonomie, Sosiologie, Staatsleer en Volkekunde, d w s wat "die mens in die samelewing" as 'n geheel wou bestudeer, was

Marc Bloch (1886—1944) en Lucien Febvre (1878—1956). Tradisionele historici het gevrees dat 'n "integrasie" van Sosiologie en Geskiedenis tot sy "versosiologisering" sou lei, wat sy identiteit as aparte wetenskap kon aantas, maar tog het dit nie gebeur nie omdat die Franse *Anales*skoolhistorici die hermeneutiese metode behou, maar aangevul het met die kwantitatiewe analitiese metode van die sosiale wetenskappe soos bv blyk uit die beroemde werk van Fernand Braudel (geb. 1902), *Die Middellandse See en sy wêreld in die tyd van Filips II* (1949). Dit was 'n struktuurgeskiedenis wat baie wyer gaan as die eng politieke gebeurtenisgeskiedenisbenadering van Leopold von Ranke

Omdat Braudel die tyd gedifferensieer het in indiwiduele, sosiale en geografiese tyd, het hy die samevloeiing van Geskiedenis en Sosiologie, trouens, van alle sosiale wetenskappe bepleit in sowel die sosiale tyd, wat siklies en golfsgewys herhalend verloop, as in die geografiese of struktúrele tyd van lange duur, wat op verskynsels van relatief stabiele en baie langsaam veranderende aard betrekking het. Terwyl laasgenoemde tyd langsaam "onder" die oppervlak van die samelewing verloop, verloop die indiwiduele tyd snel in politieke gebeurtenis-geskiedenis aan die oppervlak. Gesamentlik lei dit tot "geskiedenis" wat as totale, of integrale geskiedenis bekend staan en nie meer die "ekonomiese", "politieke" of "sosiale" mens apart behandel nie. "Geskiedenis" is dus 'n omvattende wetenskap met vele aangesigte wat op 'n pluriforme grondslag staan, 'n soort beskawingsgeskiedenis. Dit rig hom veral ook op streeksgeskiedenis wat in sy totaliteit bestudeer word en sluit dus die materiële grondslae van die kultuur in. Ook sentreer dit om sosiale groepe in plaas van indiwidue en het dit tot sentrum die gewone volk, die alledaagse deursneemens, wat vroeër van die geskiedenis uitgesluit was. Die Franse historici wat tot 'n integrasie met Sosiologie oorgegaan het, het die tematiek en metodologie van die Geskiedenis wat sy identiteit as dissipline behou het, oneindig verruim.

Soos in Amerika was daar in Brittanje nooit 'n metode-stryd tussen Geskiedenis en Sosiologie nie. Eers in die vyftigerjare van die 20ste eeu was daar sterk reaksie van die kant van die sosiaal-ekonomiese historici teen die tradisionele geskiedskrywing wat na hulle mening te eng om die staat en politiek gewentel het. Sosiale historici soos Christopher Hill, Hugh Trevor-Roper, Lawrence Stone en Eric Hobsbawm het hulle om 'n tydskrif, *Past and Present*, gegroepeer en beoog wat naastenby met die Franse *Annales*-tydskrif bereik is, nl 'n "interdissiplinêre benadering" tot geskiedenis, wat nader aan die Sosiologie beweeg het. In die Sosiologie of teoretiese sosiale wetenskap, sien hulle 'n noodsaaklike hulpmiddel by die studie van geskiedenis wat die samelewing in sy totaliteit moet bestudeer, d w s sosiaal, ekonomies, staatkundig en volkekundig. Dit neig tans na 'n volledige integrasie van sosiologie en geskiedenis wat nie vir die tradisionele historici, o a G R Elton, aanvaarbaar is nie. Hy het die oorname van sosiologiese begrippe bestry omdat die sosiologiese teorie "nie feite verdra nie", en die geskiedwetenskap nie "genaturaliseer" durf word nie. Soos in Duitsland vroeër, het filosowe soos I Berlin en W H Walsh die geskiedenismetode van die natuurwetenskaplike metode onderskei en abstrahering, veralgemening en kwantifisering as "onhistories" verwerp. 'n Huidige tendensie in Brittanje is om soos dit die geval in Frankryk is, weg te doen met die deelgebiede van die vak geskiedenis en hulle op 'n interdissiplinêre grondslag te integreer.

'n Soortgelyke tendensie het ná die Tweede Wêreldoorlog in die nuwe Duitse Bondsrepubliek ingetree, waar die geskiedwetenskap uit sy geslotenheid van vroeër losgekom het en verinternasionaliseer is. Trouens, die wetenskap van die geskiedenis neig wêreldwyd om vry te raak van ou nasionaal-historiese tradisies, die staat en politiek as oorheersende tematiek te verwerp en te verinternasionaliseer. Orals ter wêreld staan

die sosiale geskiedenis op die voorgrond, wat op die gewone mens in groeps- of klasverband ingestel is — miskien 'n gevolg van die opkoms van die Sosialisme in Europa en die invloed van die Neo-Marxisme wat hom al sedert die 19de eeu op die samelewing en sosiaal-ekonomiese geskiedenis rig, 'n gebied wat tot aan die Tweede Wêreldoorlog deur die tradisionele historici verwaarloos is. Dit was onder invloed van die nuwe industrieel-tegnologiese rewolusie ná die genoemde oorlog dat Duitse historici die samelewing as objek van studie ontdek het. Daartoe het die Franse *Annales*-rigting en die teruggekeerde banneling-historici uit Amerika bygedra, soos die tydskrif *Geschichte und Gesellschaft* van 1975 getuig. Die vroeër verwerpte sosiaal-ekonomiese geskiedenis is geëmansipeer en het gelykberegtiging met die lang oorheersende politieke geskiedskrywing gevind, trouens, dit het die belangrikste stroming in die Duitse geskiedskrywing geword.

Die ou metode-stryd tussen Geskiedenis en Sosiologie is beëindig en tussen hierdie twee vakke wat mekaar vroeër in Duitsland as vyande gesien en beveg het, het daar toenadering en samewerking gekom. Beide bestudeer tog die samelewing wat nie net sosiologies te verstaan is nie. Onder Franse invloed het Otto Brunner, Werner Conze en Theodor Schieder nááS politieke gebeurtenis-geskiedenis wat op die hermeneuties-indiwidualiserende verstaansmetode berus, "struktuurgeskiedenis" bepleit wat die bowe-indiwiduele, kollektiewe massamens-verskynsels en anonieme kragte wat die samelewing beweeg, moet bestudeer. Die struktuurgeskiedenis wat verwantskap met die sosiologie het, bestudeer die inwendige bou van historiese verskynsels soos klasse, groepe en partye. Teenoor historiese persoonlikhede is historiese strukture gestel en tipeserende, d i veralgemenende herhaalbare konstantes gestel, wat bo die indiwidualiserende metode uitgaan. Dit is eerder op "duur" as "verandering" ingestel. Die betekenis van die sosiale wetenskappe vir die geskiedenis is erken en daar is tot samewerking met hulle oorgegaan. Soos in Amerika, Brittanje en Frankryk, is die geskiedwetenskap metodies na die sosiale wetenskappe, veral sosiologie, oopgestel, en van hulle metodiese instrumentarium en terminologie gebruik gemaak vir interdissiplinêre samewerking met die doel om die historiese werklikheid beter te ontgin. Hans-Ulrich Wehler het die term "Geskiedenis" selfs vervang met "Historiese Sosiale Wetenskap" wat op 'n versosiologisering van die geskiedenis dui. Dié rigting is sterk op die toepassing van sosiologiese teorie op die geskiedenis ingestel.

## 3. Die ooreenkomste en verskille tussen Geskiedenis en Sosiologie

Volgens Asa Briggs het Geskiedenis en Sosiologie met dieselfde probleemkomplekse te doen wat van die hede tot die verlede strek, d w s hulle het met gemeenskaplike objekgebiede te doen, en staan as vakke dus na aan mekaar, want van hulle word verlang om die struktuur en verandering van die samelewing uit te lê. Hulle kennisbelang is dus komplementêr, hoewel daar grense tussen hulle bestaan.

Tog het daar sedert die vyftigerjare van die 20ste eeu 'n weggroeiing tussen Sosiologie en Geskiedenis ingetree. In die beginjare van sy bestaan in die 19de eeu, het die Sosiologie weens onverfynde metodes sterk op Geskiedenis vir data aangeleun, terwyl die Geskiedenis die Sosiologie op metodiese gronde verwerp het. Ná die Tweede Wêreldoorlog het Geskiedenis deur sy toetrede tot die samelewingsgebied toenadering tot Sosiologie gesoek, terwyl Sosiologie onder die invloed van die Amerikaner, Talcott Parsons, die rug op Geskiedenis gekeer, en al meer a-histories geword het. Die rede is geleë in dié gedragswetenskap se empirisme en positivistiese grondslag soos deur Parsons bepleit, wat op die funksionalisme van biologiese modelle berus, aannemende dat

historiese feite op soortgelyke wyse as die data van die eksperimentele wetenskappe benader kan word, d w s deur te soek na wette, wat 'n onhistoriese en sistematiese trek daarin gebring het. Fernand Braudel het egter daarop gewys dat geen wetenskap wat hom met die mens bemoei sonder 'n historiese dimensie kan klaarkom nie. Die huidige struktureel-funksionele Sosiologie is sterk teoreties en anti-histories gerig.

Sedert die vyftigerjare het die Sosiologie sy kontak met Geskiedenis al meer opgegee, terwyl die Geskiedenis met temas soos historiese demografie, stads- en verstedelikingsgeskiedenis en ander sosiale temas al meer na die Sosiologie geneig het. Ook het 'n sterk sosiologies-georiënteerde geskiedskrywing ingetree om bv aan die historiese struktuurbegrip te dink. Die "historiese sosiale wetenskap" van Hans-Ulrich. Wehler en Rudolf Vierhaus hou hom sterk met sosiaal-historiese probleme besig en het nader aan die Sosiologie beweeg, d i tot 'n soort histories-georiënteerde Sosiologie geword wat sosiologiese teorieë aan die feite van die geskiedenis toets, en aan die benadering tot geskiedenis 'n sosiologiese funksie toeken, nl om die hede te help "verander" om 'n beter toekoms te kan skep, soos dit die geval met die Amerikaanse "New History" was. Sosiologie het trouens van Geskiedenis verwag om 'n handelingsgeoriënteerde wetenskap te word wat sy temas vanuit die eietydse sosiale relevansie moet kies. Theodor Schieder het egter gewaarsku dat Geskiedenis nie sy identiteit as wetenskap mag prysgee en tot Sosiologie word nie.

Hoewel daar ooreenkomste tussen Geskiedenis en Sosiologie bestaan soos bv die bestudering van 'n gemeenskaplike veld van die menslik-sosiale werklikheid, is daar ook onderskeide. Terwyl die Sosiologie oorwegend met die *hede* werk, sy maatskaplike voortbringing ontleed en prognoses vir die toekoms maak, handel Geskiedenis oorwegend oor die *verlede*, d i met afgelope prosesse en ontwikkelinge, afgestorwe struktuurvorme en verbygegane beslissings. Ook metodies bestaan daar verskille: Vir die Sosiologie gaan dit om prosesse in die hede wat die toekoms binneloop: dit staan dus in die moontlikheid van herhaling, d w s dit is 'n objek van a-historiese struktuur, geïsoleer uit die tydsbepaling. Die veralgemeningsaanspraak van sosiale reëls, norme en abstraksies wat in die indiwiduele feite reëlmatighede en wetmatighede wil vind, beteken vir die Sosiologie 'n losmaking uit die *tyd*struktuur waarin 'n sosiale verskynsel staan. Hierteenoor weeg vir die Geskiedenis gebondenheid aan tyd, indiwidue, eenmalige gebeurtenisse en relatief stabiele strukture swaarder as die hede-gebondenheid en toekoms-betrokkenheid van die Sosiologie.

Geskiedenis is nie 'n op die verlede "toegepaste" Sosiologie nie, en Sosiologie nie 'n "Geskiedenis" van die hede nie. Die hede verg dat Geskiedenis en Sosiologie in noue samewerking en bewuste wisselwerking met mekaar tree, wat die ou teëstelling tussen "verstaan" en "verklaar" laat oorbrug. Die gedeeltelik gelyksoortige objek word deur beide wetenskappe met telkens ander aspekte ondersoek. Sonder die kennis wat deur die Geskiedenis oor die verlede beskikbaar gestel word, kan die Sosiologie geen uitsprake oor die beginsels van sosiale prosesse maak nie, en omgekeerd kan die historici sonder kennis van die bepalende sosiale voorwaardes en strukturele veranderinge in die verlede, nie vandag werk as hulle nie van die begrippe, modelle en teorieë van die Sosiologie gebruik maak nie.

Gewoonlik word die onderskeid tussen Geskiedenis en Sosiologie aangetoon met die uitspraak dat eersgenoemde hom op die "indiwiduele" en laasgenoemde hom op die "algemene" toespits; terwyl die Geskiedenis hom met die "verlede" bemoei, hou die Sosiologie hom met die "hede" besig. Terwyl die Sosiologie hom oorwegend op die hede met sy maatskaplike probleme en verskynsels toespits, is die Geskiedenis op die faktor van die *tyd* ingestel wat vir die sosioloog nie van belang is nie: vir die historikus kleef die tyd aan sy werk soos die grond aan die graaf van 'n tuinier. Terwyl die Sosiologie

algemene teorieë voortbring, spits Geskiedenis hom eerder op historiese individualiteite en persoonlikhede toe; tog benodig die Geskiedenis die teorieë van die Sosiologie om sy verlede-objekte beter te leer verstaan. Die historikus hou nie van die sosiologiese abstraksie en die "verontmensliking" van die geskiedenis nie, veral as daar na "anonieme sosiale kragte" wat die massas en bowe-indiwiduele verskynsels beheer, gesoek word. Ook staan sommige historici skepties teenoor 'n kwantitatiewe of statistiese hede-analise wat hulle gelykstel met die tel van die bene van duisendpote.

Hierteenoor word die historici deur sosioloë verwyt dat hulle 'n onduidelike verledebegrip en armoede aan teorieë het: hulle sou te veel hou van eenmalige, unieke en oortollige besonderhede of indiwidualiteite, en kwantifisering onnodiglik vrees. Dit is volgens hulle nie net die verlede wat die hede verklaar nie, maar die hede ook die verlede. Die hermeneutiese verstaansmetode sou te beperk wees om handelinge of gedrag van die mens te verklaar. Dit is deur talle historici toegegee; daarom bedien baie van hulle hul, waar dit op die beskrywing en verklaring van bowe-indiwiduele, anonieme en kollektiewe massa-verskynsels aankom, van die sosiaalwetenskaplike metode. Interdissiplinêre samewerking in die industriële fase van 'n land, het vir die Geskiedenis dus noodsaaklik geword, wil hy die historiese werklikheid nie bloot indiwidualiserend 'verstaan' nie, maar ook struktureel 'verklaar'. Geskiedenis het homself juis deur nouere kontak met die Sosiologie e a gedragswetenskappe vernuwe, en gaan vandag sowel hermeneuties-indiwidualiserend as analities-verklarend te werk. Die moderne geskiedskrywing het deur sy kontak met die sosiale wetenskappe uit sy verengde tradisionele tematiek van staat en politiek en beperkende indiwidualiserende verstaansmetode ontsnap, en tot 'n studie van nuwe samelewingsobjekte en 'n "verrykte" of aangevulde metode gekom, wat hom in staat stel om die historiese werklikheid omvangryker en dieper as vroeër te begryp.

## 4. Die verhouding van Geskiedenis en Sosiologie in Suid-Afrika

### 4.1 *Die vestiging van beide dissiplines as 'n behoefte van die samelewing*

In Suid-Afrika is die vestiging van Geskiedenis aan ons universiteite ouer as die Sosiologie. Vanaf die begin was Geskiedenis by universitêre kursusse ingesluit, eers as 'n hulpwetenskap en soms in kombinasie met ander vakke. In 1904 het Geskiedenis aan die Universiteit van Stellenbosch sy hulpwetenskaplike karakter verloor en tot selfstandige dissipline geword. Dit is aan die begin deur buitelandse geleerdes gevestig soos bv E C Godée Molsbergen en W Blommaert aan die Stellenbosse Universiteit, James Edgar en Eric Walker aan die Universiteit van Kaapstad en W M Macmillan aan die Universiteit van die Witwatersrand. Suid-Afrikaanse historici wat in die buiteland opgelei is, het daarna oorgeneem, soos bv H B Thom, J A Wiid en P J van der Merwe in Stellenbosch, waarna intern-opgeleide historici begin oorneem het. Aan die Universiteit van Pretoria het Leo Fouche wat in Londen opgelei is, gedoseer totdat I D Bosman wat in Amsterdam opleiding ontvang het, die taak van hom oorgeneem het.

Aan Geskiedenis is tot ongeveer 1948, veral deur die Afrikaanssprekende publiek, groot waarde as kulturele vormingsvak op skool en aan die universiteit geheg, omdat daarin, verweë sy studie-objekte, 'n bondgenoot van die kultuur en politiek gesien is, wat "die verlede" aan die hede moes openbaar met die oog op die politieke stryd wat op die verwerkliking van toekoms-ideale gerig was, soos bv die verandering van die Unie in 'n Republiek. Die Geskiedenis het hier, soos in Europa, vir die meeste Afrikaanssprekende historici die staat, politiek, diplomatieke verhoudinge, militêre

gebeurtenisse en groot staatsmanne tot temas gehad, wat volgens die hermeneutiese indiwidualiserende verstaansmetode bestudeer is. Van die veranderinge wat ná die Tweede Wêreldoorlog in die geskiedwetenskap ingetree het, is nie voldoende kennis geneem nie, miskien vanweë isolasie deur apartheid, en die opgee van 'n ou tradisie om ná voltooiing van 'n Magistergraad, die Doktorale graad in Europa te gaan verwerf. Die gevolg was dat daar stagnasie in die geskiedswetenskaplike beoefening ingetree het, en 'n oorleefde geskiedsbeeld gehandhaaf is, selfs nadat die gronde waaruit dit voortgekom het deur die intrede van die industriële samelewing, verskuif het.

Die geskiedenisbeoefening aan die Engelsmedium-universiteite is vanaf die begin op 'n Oxford-Cambridge-grondslag geplaas, en anders as die "konserwatiewe" Afrikanerbenadering tot die geskiedenis, het Engelstalige historici 'n "liberale" benadering gehad, wat onder invloed van die "New History School" 'n tipe hedebetrokke geskiedskrywing was. Dit het kritiek op die samelewing met die oog op "verandering" uitgespreek. In teëstelling met die tradisionele tematiek van staat en politiek, het die Engelstalige historici se tematiek meestal oor sosiaal-ekonomiese en volksverhoudingsvraagstukke gehandel. Dit het die samelewing as totaliteit van swart en wit tot objek van studie gemaak, miskien vanweë hulle beheersing van die private sektor van die ekonomie én uit filantropiese motiewe. W M Macmillan het bv in 1919 die armblanke vraagstuk in *The South African Agrarian Problem and its historical Development* ontleed en hieroor gesê: "Our subject is essentially present-day, sociological. The approach has throughout been historical, or by methods of historical science", waardeur hy die grondslaglegger van die sosiale geskiedskrywing in Suid-Afrika geword het, wat na aan die Sosiologie beweeg het. Sy doel was om "toestandsgeskiedenis" i v m die armoedevraagstuk te skryf, wat opgevolg is met die bruin- en swart armoedevraagstuk in *The Cape Colour Question, a historical Survey* (1927) en *Bantu, Boer, and Briton, the making of the South African Native Problem* (1928), waarop C W de Kiewiet, sy leerling, *A History of South Africa, Social and Economic* (1941) die lig laat sien het — almal boeke wat oor samelewingsgeskiedenis handel. Geen wonder dat hulle dikwels deurt die eerste sosioloë van Suid-Afrika vir sosiale feite benut is nie.

Die ontstaan van die sosiologie as wetenskap aan die Suid-Afrikaanse universiteite dateer uit die dertigerjare, dus lank na die invoering van Geskiedenis. Beide is weens 'n behoefte van die samelewing ingestel. Sosiologie as dissipline het sy toetrede tot die Afrikaanse universiteite gedoen as 'n direkte gevolg van die aanbevelings van die Carnegie-kommissie wat die armblankevraagstuk van 1928 tot 1932 ondersoek, en 'n rapport van vyf bande daaroor uitgebring het. Dit hou dus regstreeks verband met 'n belangrike sosiale vraagstuk van die 20ste eeu. In 1932 is 'n Departement Sosiologie aan die Universiteit van Stellenbosch onder leiding van dr H F Verwoerd ingestel en in 1934 aan die Universiteit van Pretoria o l v pro G Cronjé, beide buitelands-opgeleide sosioloë. Ander universiteite het spoedig gevolg. Sosiologie en Staatsleer het gou veel meer studente as geskiedenis getrek, veral ná 1961, toe Geskiedenis sy relevansie ná republiekwording verloor, en hy uit sy vroeëre sentrale posisie as geesteswetenskap aan die universiteit deur die sosiale wetenskappe verdring is.

### 4.2 *Geskiedenis en Sosiologie groei weg van mekaar*

Met sy ontstaan was Sosiologie, veral met betrekking tot die ontstaan en ontwikkeling van die armblankevraagstuk, vir sy data van Geskiedenis afhanklik, wat toon dat die twee vakke in 'n goeie verhouding tot mekaar gestaan het. Daar was nie 'n metodestryd of polemiek tussen hulle soos in Duitsland nie. Elkeen het hom in sy ivoortoring

teruggetrek en het sonder gespreksvoering langs mekaar ontwikkel. Maar sosiologie het aanvanklik 'n sterk historiese inslag gehad soos blyk uit F J Minnaar se *Die Plattelander in die stad* (1940), S Pauw se *Die Beroepsarbeid van die Afrikaner in die Stad* (1946), J R Albertyn se *Kerk en Stad* (1947) en *Land en Stad* (1959), C C Nepgen se *Die sosiale Gewete van die Afrikaanssprekendes* (1938) en N J Rhoodie se *Die Apartheidsgedagte — 'n sosio-historiese uiteensetting van sy ontstaan en ontwikkeling* (1959).

Terwyl die Geskiedenis feite verskaf het wat deur politici en kultuurleiers in die politieke stryd van die Afrikaners-in-opposisie gebruik is om 'n eie taal, kultuur en identiteit te bevorder, het die Sosiologie van Afrikanerkant die sosiale patologie van verarming gediagnoseer met die doel om goeie raad en 'n terapie of prognose te verskaf. Sosiologie was en is by hede-verskynsels betrokke en het maatskaplike hervorming op die oog, om byvoorbeeld te dink aan jeugmisdaad, gesinsprobleme en alkoholisme. Ook was Sosiologie nou betrokke by die nuwe professie, 'maatskaplike werk'. Die vak was ook betrek by die herstrukturering van die samelewing onder die apartheidsideologie, maar volksverhoudinge is verwaarloos. Hoewel daar 'n gebrek aan teorie-vorming op empiriese basis by die Sosiologie gekonstateer kan word, het Engelstalige sosioloë aandag aan ras, arbeid en houdings van mense gegee, terwyl Afrikaanssprekendes hulle op jeugleierskap, familie en godsdienssosiologie toegelê het.

Soos daar by die Geskiedenis 'n radikale stroming sedert 1972 langs die konserwatiewe en liberale ingetree het, wat van 'n Neo-Marxistiese teorie en standpunt in die vertolking van die verlede getuig, só ook by die Sosiologie wat deur jong ideologiese radikales beskuldig word van gedisinteresseerde "wetenskaplike" kennis wat die owerheid regverdig en in stand help hou, i p v om te kritiseer, te hervorm en te help verander met die doel om die swart massas tot optrede te aktiveer — natuurlik volgens rewolusionêre beginsels en met 'n profetiese heilsboodskap. Dit het spanning in die Sosiologie gebring soos daar ook op die gebied van die Geskiedenis bestaan.

'n Nuwe ontwikkeling na die aanvanklik histories-georiënteerde Suid-Afrikaanse Sosiologie was sy toenemende veramerikanisering onder invloed van Talcott Parsons. Dit het al meer struktureel-funksioneel geword. Deur sover moontlik waardevry en objektief te bestudeer wat is, beoefen die wetenskaplike sosioloë 'n a-historiese Sosiologie wat die *wording* en *ontwikkeling* van maatskaplike probleme verbygaan, d i die diachroniese (lengtesnit) word ten gunste van die synchronie (dwarssnit) geïgnoreer. Die Sosiologie is nie meer in die verlede geïnteresseer nie, en bestudeer alleenlik die hede, egter sonder inagneming van historiese aspekte en perspektiewe. Deur onthistorisering van die Sosiologie, het hy hom al meer van die Geskiedenis verwyder; bygevolg word interdissiplinêre samewerking nie vereis nie. Dit het die twee vakke eerder van mekaar vervreem as nader aan mekaar laat beweeg.

Wat vir die historikus onaantreklik van die struktureel-funksionele Sosiologie is, is sy begrippe sisteem, struktuur, orde, ewewig, konsensus, konflik, ens., wat 'n statiese dwarssnit-werklikheid suggereer, onthef van die element van tyd, want dieselfde dinge kan tog ook diachronies bestudeer word. Dit het ook die gaping verskaf vir die binnetrede van die meer dinamiese, radikale sosioloë. Die gebrek aan studie van struktuurverskynsels deur die tradisionele historici, het weer 'n gaping verskaf vir die radikale, Neo-Marxistiese teorietoepassingshistorici. Solank die Sosiologie soos vandag in Suid-Afrika beoefen, nie tekens van herhistorisering toon nie, d w s terugkeer na die oorspronklike uitgangspunte, en Geskiedenis nie ook struktureel te werk gaan nie, sal die kloof wat daar vandag tussen Geskiedenis en Sosiologie gaap, nie maklik oorbrug word nie, en sal elke vak sy eie weg sonder kruisings bewandel. Tog is die werk van sosioloë vir die historikus van belang. Hulle analise van samelewingsverskynsels op gegewe mo-

mente word oor 'n lang tydperk tydsdokumente vir historiese navorsing. Omgekeerd kan historiese feite as hulpmiddel vir die sosioloog dien, wat historiese perspektief aan sy samelewingstudie kan voorsien.

### 4.3 *Gebiede van interdissiplinêre samewerking*

Op welke terrein kan sosioloë en historici nader aan mekaar beweeg en saamwerk? 'n Mens dink aan die verskynsel van plaasverlating, verstedeliking, armoede, mentaliteite, volksverhoudinge, houdinge en sosiale strukture — almal samelewingsverskynsels van 'n tegnologies-industriële tydperk wat 'n gemeenskaplike studiegebied vir beide vakke is, al is dit dan telkens uit ander gesigspunte en oogmerk. Die samelewing vereis ook kennis van bowe-indiwiduele verskynsels en anonieme kragte vir die bestudering waarvan die historiese verstaansmetode alleen nie toereikend is nie, wat hom noop om by die sosioloog lig op te steek wat kwantitatiewe en statistiese metodes betref. 'n Mens dink bv aan die historiese demografie. Vir die sosioloog kan interdissiplinêre samewerking wat 'n historiese ontwikkelingsmoment in sy struktureel-funksionele benaderingswyse kan bring, van belang wees. Dit geld o a beroepsaspekte, ondernemersaktiwiteite en sosiale mobiliteit. Omdat sosiale geskiedenis 'n aspoestertjie van die historiese bedryf in Suid-Afrika is, kan dit, namate dit korrek en meer beoefen word, 'n oorgangsgebied na die Sosiologie wees.

Omdat die stedelik-industriële samelewing ter wille van selfbegrip van groepe, massas of klasse, ander vrae as 'n geslag of twee tevore, stel, kan staatkundige geskiedenis alleen nie daarop antwoord nie, eerder sosio-ekonomiese, sosio-politieke en sosiokulturele geskiedenis, wat die sosiologie nie buite rekening kan laat nie. Sosioloë en historici het versuim om bv 'n sosiale geskiedenis, die sosiale gedrag, of ook 'n kultuursosiologie van die Voortrekkers, Trekboere of die Boere van Kruger en Steyn se Republieke te skrywe, wat hulle vir ons tot onbekende bekendes maak. Die sosiologiese verskynsel "Afrikanervolk" is nog nie histories aangedurf nie, ook nie sy kollektiewe mentaliteit of geesteskIimaatsgeskiedenis nie. Agrariese geskiedenis is net so sterk verwaarloos as agrariese sosiologie. Dit geld ook die terrein van volkshoudinge en wedersydse beoordelingsvraagstukke op langtermyn, wat struktureel benader kan word.

Die gemoderniseerde Suid-Afrika vereis vernuwing by sowel Geskiedenis as Sosiologie, wil ons tot 'n dieper en omvattender begrip van sy plurale, komplekse, gefragmenteerde en heterogene samelewing geraak. Laat dit nie gesê word dat Sosiologie "Geskiedenis" sonder harde werk is, of dat Geskiedenis "Sosiologie" sonder verstand is nie.